Ek het U lief

# In Petrus se skoene

## Bybelteks

*Toe hulle klaar was met ontbyt, vra Jesus vir Simon Petrus: "Simon, seun van Johannes, het jy My baie lief, meer as hulle?" Hy sê vir Hom: "Ja, Here, U weet dat ek U liefhet." Hy sê vir hom: "Laat my lammers wei." Hy vra hom weer 'n tweede keer: "Simon, seun van Johannes, het jy My baie lief?" Hy sê vir Hom: "Ja, Here, U weet dat ek U liefhet." Hy sê vir hom: "Pas my skape op." Hy vra hom die derde keer: "Simon, seun van Johannes, het jy My lief?" Petrus het bedroef geword omdat Hy hom die derde keer gevra het, "Het jy My lief?" en hy antwoord Hom: "Here, U weet alles. U weet dat ek U liefhet." Jesus sê vir hom: "Laat my skape wei."*

**– Johannes 21:15-17**

## Kernwaarheid

**God ontmoet jou waar jy is en verander jou stories van mislukking in stories van potensiaal.**

### WELKOM

Kan jy aan 'n keer dink wat iemand iets gedoen of gesê het waaroor hy of sy later gedink het: "O, nee! Ek wens ek kon dit terugvat"? Skryf hier neer wat gebeur het.

### WONDER

- Wat dink jy het Petrus gedink toe Jesus op die strand langs die koolvuur staan?

- Hoe het Jesus Petrus se storie kom verander?

- Wat dink jy sal Jesus vir ons sê oor die foute wat ons maak?

## WEES

- Watter "koolvure" is daar in jou lewe? Wat is die dinge wat jy wens jy kon verander?

- Wat sal dit vir jou beteken om te weet dat Jesus juis op daardie plek(ke) vir jou genesing en herstel wil bring?

## WEGSTUUR

Probeer hierdie week leef soos iemand wie se storie van mislukking deur Jesus herskryf is.